GRATIS INLEIDENDE STORIE

Daaglikse aktiwiteite 0 tot 2 jaar

Voor julle begin:

- Hierdie inleidende storie, van hoe Loebi onthou toe hy uit die eier gekom het, is verwerk vir al die ouderdomsgroepe**. In die klubpakkette sal daar 12 verskillende stories vir elkeen van die vyf ouderdomsgroepe wees wat vir jou kind se ouderdomsvlak geskik is. (60 stories altesame)**
- Hierdie is slegs **voorbeelde van aktiwiteite**, om jou 'n idee te gee van hoe jou pakket gaan lyk.
- Hierdie voorbeeld-aktiwiteite is nie tema-gefokus nie.
- Jou pakkette se aktiwiteite en stories sal wel tema-gefokus wees en sal sentreer om die volgende temas:
    - Tema1 – Wie is ek?
    - Tema 2 – Huis
    - Tema 3 – My familie
    - Tema 4 – My omgewing
    - Tema 5 – Diere
    - Tema 6 – Beroepe
    - Tema 7- Feeste
    - Tema 8 – Vervoer
    - Tema 9 – Plekke
    - Tema 10 – Speelgoed/Verhoudinge
    - Tema 11 – Verbeelding/Kreatiwiteit
    - Tema 12 – Vaardighede.
- Lees eers die storie vir jou kind. Dis 'n bekendmaking-storie van waar Loebi vandaan gekom het. Wys vir hom op ons webwerf hoe Loebi uit die eier kom!
- Slegs **2 weke** se aktiwiteite word hier gegee. **In jou pakket ontvang jy 4 weke se aktiwiteite.**
- Die verwysing na die kind se geslag word afgewissel met sy en hy.
- Kyk voor die tyd na alles wat julle vir 'n spesifieke les gaan nodig hê en kry alles reg sodat jy al jou aandag vir jou kind kan gee. Onderbrekings kan dalk sy aandag aflei. Indien jy wil, kan jy egter saam met hom die voorbereidings vir die les tref. Dit mag ook dalk van opvoedkundige waarde wees.

- Jy hoef nie elke dag al die voorgestelde aktiwiteite met jou kind te doen nie. Bepaal self die ritme vir julle “werk”. Indien jou kind nie geïnteresseerd is nie, los die aktiwiteit vir later.
- Doen aktiwtiteite wanneer jou kind rustig is en daar niks is wat sy/haar aandag aflei nie.
- Wanneer jou kind met iets sukkel, help hom/haar. Probeer dan weer daardie aktiwiteit die volgende dag doen. Dus gaan jy dalk party dae se aktiwiteite in twee dae opdeel, of in ’n oggend- en middag-aktiwiteit.
- Prys jou kind wanneer hy/sy probeer om die aktiwiteite te doen.
- Moenie skrik as jou kind sukkel met van die aktiwiteite nie. Dis waarom jy daar is om hom/haar te begelei. Indien iets werklik te moeilik is, bêre dit en probeer dit weer na ’n maand of twee.
- Die leerhulpmiddels en werkskaarte kan weer en weer gebruik en herhaal word. Druk sommer ’n paar van elkeen uit. Die Loebi prentjie word telkens gegee om aan te dui wanneer ’n leerhulpmiddel gebruik word.
- Die sterretjie word aan die einde van elke dag gegee om die leeruitkomste van daardie dag se aktiwiteite aan te dui. Dus wys dit jou wat jou kind alles die dag geleer het!
- Moenie ongeduldig met jou kind raak nie. Onthou hierdie is veronderstel om pret ook te wees. ’n Kind kan speel-speel geweldig baie kennis opdoen.
- Geniet dit saam met jou kind! Entoesiasme is aansteeklik!
- Indien julle van hierdie inleidende les en aktiwiteite hou, deel dit gerus met julle vriendinne

Week 1

Dag 1: Ontmoet vir Loebi

Lees slegs die eerste twee bladsye van julle Loebi storie. Onthou jou kind is nog klein en kan nie lank stil sit en luister nie. Wys haar die prentjies soos wat julle lees.
Gee haar die twee bladsye en vra haar om die volgende vir jou te wys:

- Waar is Loebi?
- Waar is Loebi se huis?

* Vanaf 18 maande: Moedig jou peutertjie aan om Loebi se naam te sê asook die woord huis.

(Leeruitkomste): Begrip, taal, woordeskat

Dag 2: Waar Loebi vandaan kom

Lees nou die storie van bladsy 3 af, waar dit begin met met:”My naam is Loebi en ek is ’n draak. Ek was nie altyd daar nie ...” Wys haar die prentjies soos wat julle lees.

Gee jou kind die laaste drie bladsye en vra haar om die volgende vir jou te wys:

- Waar is Loebi se eier?
- Wys my die prentjie waar Loebi kwaad is.
- Waar is die prentjie van Loebi se pappa, mamma en sussies?

Wys weer na die Loebi prentjie en gesels met jou kind oor Loebi wat kwaad is. Verduidelik weer aan haar waarom Loebi in die storie kwaad is. Gee vir haar voorbeelde van wanneer sy kwaad is. Soos byvoorbeeld: jy is kwaad as boetie jou seermaak. Al is sy nog klein, kan jy nou hier verduidelik dat mens nie ander mense seermaak wanneer jy kwaad is nie.

Begrip, taal, emosies

Dag 3: My gesin

Vandag kan jy kyk of kleinding nou die hele storie wil hoor. Hoe meer bekend jou kleinding met die verskillende dele van die storie is, hoe meer gemoedelik sal sy na die hele storie luister. Moenie moedeloos wees as sy nie belangstel nie. Gesels dan liewer net oor die prentjies en verduidelik weer vir haar wat al die prentjies is.

Konsentreer veral op die laaste prentjie van Loebi se gesin. Verduidelik aan haar wat ’n gesin is, en vertel haar wie almal in julle gesin is. Wys vir haar ’n foto van julle almal saam as ’n gesin.

Gee haar die Loebi prentjie om “in te kleur”.
(jou peutertjie gaan waarskynlik net ’n paar lyntjies daarop trek maar moedig haar steeds aan om dit te doen.)

Dag 4: Eiers!

Lees slegs bladsy 3 (Die bladsye waar die prentjie van Loebi se eier op is)

Gesels met jou kind oor eiers en vertel haar dat hoendertjies ook eiers lê. Gaan wys vir haar die eiers in die yskas en maak eiers vir ontbyt/middagete. Laat haar jou help om die eier te breek en laat haar toe om daaraan te vat. Gesels die heeltyd met haar.
Maak ’n paar eiers op verskillende maniere gaar.

Wys vir jou kind die ‘e’ vertoon kaart. Verduidelik aan haar waarom daar ’n eier langsaan die ‘e’ geteken is. Dit maak nie saak of sy jou verstaan of nie, dit help haar steeds om bekend te word met die begrip van letters.

Begrip, lees, algemene kennis

Dag 5: Nessies!

Gesels weer oor oor Loebi wat uit ‘n eier gekom het. Vertel aan jou kind dat julle vandag julle eie nessie en eiers gaan maak!

Soek die volgende in die tuin:

takkies
grassies
blare

Druk die klei-resep in jou leerhulpmiddels uit en gebruik dit om die eiers en nessie te maak: (Hierdie is ’n wonderlike resep vir speelklei en kan maande lank in ’n lugdigte houer gestoor word. Julle kan dit gerus gebruik vir alledaagse speel en net bietjie voedselkleursel bygooi om die klei verskillende kleure te gee.)

Wys jou kind hoe om die klei te rol in klein (of groot) eier/s.

Maak ‘n nessie met die klei. Julle kan dit as basis gebruik en laat jou kind dan die takkies, grassies en blare daarin steek om dit soos ‘n nessie te laat lyk.

Sit dan die eiers in julle nessie!

Help jou kind, indien nodig, om sy eie nessie te bou. As hy sukkel vertel hom dat dit so wonderlik is dat voëltjies dit alles kan doen net met hulle bekkies!

Dag 6: Appeltjies!

Gesels weer vinnig oor gister se nessie. Verduidelik aan jou kind dat voëltjies se nessies gewoonlik in bome gebou word. (Indien julle ’n boom met nessies het, kan jy vir hom gaan wys.)

Wys vir jou kind die boom vertoonkaart

Gaan stap in die tuin of ’n park en gaan kyk na die verskillende tipe bome.

Verduidelik aan jou kind dat party bome vrugte dra, soos ’n appelboom.

Druk die prentjie van die boom uit en knip die los appeltjies uit. Sit prestik agter op die los appeltjie-kaartjies. Wys jou kleinding hoe om die appeltjies in die boom te sit. Laat haar toe om daarmee te speel soos sy wil.
Tel die appeltjies soos wat sy dit in die boom sit.
Jy kan jou kleiner kind help om die appeltjies in te sit indien hy sukkel!

Begrip**,** wiskunde, fyn motoriese ontwikkeling.

Dag 7: RUS!

Nou kan jy bietjie rus na al jou harde werk! Lees weer die storie vir jou kleinding indien hy lus het.

Doen voorbereiding: vir week 2

Week 2

Dag 1: Kleure

Wys haar weer die boom vertoonkaart wat julle verlede week mee gewerk het. Gesels die keer oor die boom se kleur. Verduidelik aan haar dat die boom se kleur groen is.

Knip die groen kleurkaart uit en volg die instruksies.

Dag 2: Emosies, verbeelding, babas en selfbeeld

Lees weer die laaste drie bladsye waar Loebi uit die eier gekom het. Wys vir jou kind sy baba-album en gesels met hom toe hy ‘n klein babatjie was. Vertel hom dat hy nou al baie meer dinge kan doen as toe hy ’n klein baba was.

Hier hang dit af van jou kind se ouderdom en wat hy al kan doen, maar gee hom ’n paar instruksies om uit te voer, wat jy weet hy kan doen. Byvoorbeeld vir babas onder ’n jaar kan jy die volgende sê:

- Jy kan al kossies eet
- Jy kan al laggies maak
- Jy kan al handjies klap
- Jy kan al totsiens waai
- Jy kan al kruip

ens.

Moedig jou kind aan om die aksies uit te voer wanneer jy dit noem. Klap elke keer hande en prys hom as hy dit regkry.
Vir peuters oor ’n jaar kan jy byvoorbeeld die volgende sê:

- Jy kan al loop
- Jy kan al dans
- Jy kan al handjies klap
- Jy kan al ‘mamma’ sê!

Jy kan self hier al die goed wat jou kind al kan doen byvoeg. Maak net seker dat hy dit al kan doen, aangesien die doel van die oefening is om jou kleinding se selfbeeld te bou.

Persoonlike ontwikkeling, die kind se eie geskiedenis (toe hy ’n baba was), emosies, taal.

Dag 3: Huise!

Gesels weer met jou kind oor nessies.
Lees weer bladsye 2 en wys jou kleinding Loebi se huis.
Gesels met jou kind oor julle huis. Maak ’n punt daarvan om wanneer julle rondry jou kleinding die verskillende huise in julle omgewing uit te wys.

Gaan soek prentjies van verskillende huise in tydskrifte. Sny dit uit en laat kleinding jou help om dit te plak.

Aardrykskunde, dink en redeneer.

Dag 4: Vorms

Gaan kry ’n bal en gooi die bal vir jou kind. Laat sy daarmee speel. Vertel aan jou kind dat ’n bal rond is, en dat mens ’n ronde vorm ’n sirkel noem.

Gee jou kind die sirkel werkskaart en laat hy dit inkleur. Gesels oor die kaart terwyl hy besig is. Kinders onder 18 maande sal moontlik net ’n paar merkies maak. Kleintjies onder 12 maande sal dit waarskynlik nie kan doen nie. Jy kan egter steeds die werkskaart vir hom wys.

Wys jou kind die sirkelkaart, gesels oor die verskillende voorwerpe op die kaart. Gaan soek nog goed wat sirkelvormig is in julle huis.

Vorms (wiskunde)

Dag 5: Nog vorms

Druk die vormbladsy uit (die bladsy met die los vormpies op) op dikkerige papier en/of lamineer, dit indien moontlik (Dis nie nodig nie- dit werk net lekkerder!)

Knip al die vorms uit. Jy kan prestik agter op die vormpies plak – op hierdie manier kan julle dit weer en weer gebruik.
Wys jou kind hoe om die vormpies op ’n papier te plak. Moedig haar aan om self te probeer. Benoem die vormpies vir haar soos sy daarmee werk.

Vorms (wiskunde), simbole, fyn motoriese ontwikkeling, woordeskat.

Dag 6: Herkenning

Wys jou kind die kruisie op die prentjie van Loebi se huis (bladsy 2). Verduidelik aan jou kind dat ’n kruisie ook ’n vorm is net soos al die vormpies. (Neem weer die los vorms met die prestik en plaas dit voor jou kind)

Doen die laaste “soek die vorms” werkskaart en volg die instruksies. Help jou kleinding as hy sukkel en prys enige poging wat hy aanwend. (Hierdie sal waarskynlik slegs deur 18 maande en op gedoen kan word) Doen die oefening met kleiner kinders, maar help hulle om die maatjies te soek.

Herkennig, vorms.

Dag 7: Hersiening

Gaan weer deur die werk wat julle in die afgelope twee weke gedoen het, en herhaal die aktiwiteite waarmee jou kind gesukkel het.

Jy kan weer ’n paar werkskaarte uitdruk wat hy kan doen.
Lees weer die storie vir hom as hy dit wil hoor.
Gaan kuier weer vir Loebi op ons webwerf saam met jou kind. Laat jou kind die gesprek lei en gesels waaroor hy wil.

Dink en redeneer, persoonlike ontwikkeling.